

**ARGITEKTONIESE, ESTETIESE EN  
BOU-AANGELEENTHEDE  
SUB-KOMITEE HANDLEIDING**

**1. INLEIDING**

- 1.1 Die Estetiese sub-komitee is daargestel ingevolge klousule 22 van die Grondwet (2018) en implementeer die argitektoniese riglyne en boureëls.
- 1.2 Alle nuwe geboue wat opgerig gaan word, veranderinge of byvoegings aan bestaande geboue moet deur die Estetiese sub-komitee van die HEV goedgekeur word.

**2. ESTETIESE SUB-KOMITEE**

- 2.1 Die Estetiese sub-komitee bestaan uit nie minder nie as drie persone, van wie:
  - 2.1.1 Een 'n lid van die Bestuurskomitee is, die ander die Landgoedbestuurder en die gekontrakteerde argitek; en
  - 2.1.2 Sodanige ander persoon of persone, wat op grond van hulle kundigheid deur die lede van die Bestuurskomitee vir hierdie doel genomineer word.
- 2.2 Die hoofmerk van die Estetiese sub-komitee is om alle bouplanne wat vir goedkeuring voorgelê word, te evalueer en om 'n besluit te neem ten opsigte van die aanvaarbaarheid daarvan in die lig van die doelstellings vervat in 2.1 tot 2.4 van die Argitektoniese Riglyne en Boureëls, met besondere verwysing na die estetiese eienskappe van die geboue wat opgerig moet word.
- 2.3 Die reëls, proses van toepassing, en gelde betaalbaar word van tyd tot tyd deur die Bestuurskomitee bepaal.
- 2.4 Die verantwoordelikheid vir die finale goedkeuring van bouplanne berus te alle tye by die betrokke plaaslike owerheid, op voorwaarde egter dat planne slegs aan die plaaslike owerheid voorgelê mag word ná evaluering en goedkeuring daarvan deur die Estetiese sub-komitee.

### **3 GOEDKEURING VAN BOUPLANNE DEUR DIE HEV**

- 3.1 By voorlegging van 'n plan vir goedkeuring moet die applikant 'n fooi betaal wat deur die Bestuurskomitee van tyd tot tyd bepaal word.
- 3.2 Addisionele fooie word in die geval van enige komplikasies of teenstrydighede ingevolge die ontwerpshandleiding wat addisionele beraadslaging of ondersoek sal vereis, bereken en gehef, welke fooi in ooreenstemming sal wees met die huidige tydtariewe van die Argitektoniese Instituut.

### **4 PROSES VIR INDIENING EN GOEDKEURING VAN PLANNE**

- 4.1 Aansoeke vir goedkeuring van planne ingevolge die Argitektoniese Riglyne en Boureëls moet by die kantoor van die bestuursagent, Status Mark, ingelewer word, of word per geregistreerde pos gestuur word aan die Bestuurskomitee van Monte Christo Ekolandgoed, Posbus 567, Mosselbaai 6500, of per e-pos aan [reception@status-mark.co.za](mailto:reception@status-mark.co.za).
- 4.2 Bouplanne, wat aan die Estetiese sub-komitee van die Bestuurskomitee voorgelê word moet elektronies in PDF-formaat wees, soos voorgeskryf deur die plaaslike owerheid.
- 4.3 Betaling van die aansoekfooi moet via direkte deposito in die rekening van Monte Christo HEV gemaak word.
- 4.4 Die aansoek moet binne 14 dae ná indiening en betaling van die aansoektarief, skriftelik goedgekeur of afwys word.